KENNISGEWING: AANSOEKE VIR COVID19 SAKE HULPVERLENING

AANSOEKE VIR COVID19 SAKE HULPVERLENING

Die Hessequa Raad het goedkeuring verleen vir die uitrol van ‘n COVID19 Sake Hulpverleningsprogram wat daarop gemik is om besighede by te staan wat deur die Nasionale Inperkingsmaatreels nadelig beinvloed is en wat gevolglik nie sake kon doen nie.

Die volgende kriteria is van toepasing op voornemende applikante wat vir hierdie hulpbverlening wil aansoek doen:

1. Besigheid moet geregistreer wees by CIPC
2. Besigheid moet ‘n munisipale dienste rekening he.
3. Kleuterskole moet geregistreer wees as ‘n Kinderontwikkelingsentrum
4. Indien ‘n huurder van munisipale eiendom moet in besit wees van ‘n huurkontrak
5. Indien ‘n huurder van ‘n sake perseel moet ‘n munisipale diensterekening he.

Hulpverlening sal in die vorm van korting op basiese dienste van ‘n munisipale rekening toegestaan word gebasseer op die impak van die inperkingstydperk op die besigheid.

Elektroniese aansoekvorms is beskikbaar by www.hessequa.gov.za en harde kopiee is beskikbaar by alle munisipale kantore.

Navrae kan gerig word aan Lerato Tshefu by

lerato@hessequa.gov.za , tel. 028 713 7829.

Volledige aansoekvorms moet gestuur word na COVID19BRP@hessequa.gov.za en harde kopiee van die volledige aansoekvorm kan by die munisipale posbus in Riversdal by die Hoofgebou ingedien word.

Volledige aansoekvorm: Aansoekvorm Covid-19 Business Relief

Sluitingsdatum vir aansoeke is **4 Februarie 2021**.

Geplaas deur Hessequa Munisipaliteit op 4 Desember 2020.